




RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



GROETE AAN AL DIE RYNIES!

Na hierdie week is daar nog 1 week en 2 dae oor voordat die eksamen op Woensdag 28 Mei 2025 vir die Gr 4-7 leerders begin. Afbakenings is reeds uit en die eksamereëlins was reeds in die vorige nuusbriëf.

Begin vroegtydig voorberei, veral leerders wat by buitemuurse aktiwiteite betrokke is. Dit is ook nou die tyd om te vra as daar enige onduidelikhede is. Ons het die afgelope Saterdag 'n baie suksesvolle opedag gehad. Baie dankie aan al die personeel wat as span saamgewerk het om van die dag 'n sukses te maak. Spesiale dank aan ons opedag organiseerders naamlik

Juf Chelandré / Juf Maritze (Skool) , Juf Nanette (Kleuterskool) en Juf Ronel (Naskool)

Baie dankie aan al die ouers wat ons besoek het, die opkoms was uitstekend! Spesiale dank aan al die ouers wat ons opedag-advertensie op hulle sosiale media platforms versprei het. Ons waardeer dit opreg.





RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



Ons deel graag die volgende gedeelte van Johan Smith met u:

Sien jou kind se toekoms... en stel die voorbeeld



Om te droom is 'n baie goeie ding. Nou praat ek nie van die drome wat jou party nagte wakker hou terwyl jy probeer slaap nie. Nee, ek praat van die Josef-tipe drome – die drome wat God hom gegee het toe hy nog 'n tiener was. Dit was die drome wat hom gemotiveer en staande gehou het terwyl hy deur uiters moeilike omstandighede gegaan het.

Die meeste ouers droom drome vir hulle kinders. Die vraag is net of dit die regte drome is, of dit dieselfde drome is wat God oor jou kind droom. Ek ken baie ouers wat graag wil hê hulle kind moet eendag vir die Springbokke uitdraf of Suid-Afrika in een of ander sport verteenwoordig. Ek ken baie ouers wat drome droom dat hulle kind die koerant sal haal wanneer die matriekuitslae kom (ek praat van 'n foto met 'n storietjie daarmee saam). Ek ken baie ouers wat elke jaar droom oor die einde van die jaar se prysuitdeling by die skool.

Wel, as jou kind talentvol en begaafd is, wonderlik. Ek kan werklik in jou vreugde en dankbaarheid deel. Doen moeite om jou kind se talente en gawes te ontwikkel. Dit is immers God se geskenk vir jou kind. Dit kon so maklik anders gewees het. Jou talentvolle kind is deur God geseën.

Die drome wat jy saam met God oor jou kind moet droom, is nie prestasiedrome nie. Nee, dis karakterdrome. Dis om jou kind vyf of tien jaar van nou te visualiseer en 'n kind met Goddelike karakter te sien. Dis om 'n kind die wêreld in te stuur wat eerlik is, integriteit het, omgee vir ander en elke ander mens met respek behandel.



RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



Droom drome oor jou kind wat Jesus volg en die wêreld 'n beter plek maak vir ander. Dis die Josef-tipe drome wat ek van praat. Dis die drome wat God wil hê jy moet droom oor jou kind.

Hoe doen jy dit? Hoe kry jy dit reg? Ek haal graag die bekende prediker van Atlanta, Andy Stanley, in die verband aan:

Your child's character hinges on the traits you exhibit as a parent.

Pa en Ma, hierdie is 'n saak van gebed in die eerste plek. Bid vir jou kind se karakter en minder oor sy prestasies. Tweedens, demonstreer bogenoemde karaktereienskappe vir jou kind. Jou kind hou jou fyn dop. Hulle het spreekwoordelike antenna's wat skynheiligheid op 'n afstand sien, en dis vir hulle afstootlik. Daarom: Leef dit! Wys dit! Modelleer dit! Vryf af op hulle!

Ek wil jou aanmoedig om te droom oor jou kind wat hulle karakter aanbetref. Ek wil jou aanmoedig om dit vir jou kind te demonstreer. Eendag sal jy terugkyk met 'n diep tevredenheid en dankbaarheid. Dit kom nie maklik nie en gebeur nie vanself nie. Nee, dis jou voorbeeld wat die verskil maak. *Geskryf deur Johan Smith*

RYNIES PRESTEER:

Hanré Dercksen in graad 4 het die naweek aan die Vrystaat Ope Kampioenskap in stoei deelgeneem en 'n eerste plek behaal.

Ons is trots op jou Hanré!





RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



RYNIES PRESTEER:

JC Mare in graad 1 se 1^{ste} Valkie Rugby prestatsie die afgelope naweek by Farrarmere waar hy “Player of the Match” was in een van die wedstryde wat gespeel was teen Concordia. Mooi so!



Lex Esterhuizen in graad 6 het op 10 Mei by die Vrystaat Ope gestoei en silwer gewen vir Freestyle en brons vir Presidente. Baie geluk!

Op 09 Mei 2025 is **Jordan Luke Pretorius in graad 2** bekroon met die prestigeryke Beste Kolwer-toekenning vir sy O/8 Sibali-span by Benoni Northern Krieketklub. Welgedaan, Jordan jy gaan nog ver kom!



Mason Clark in graad 7 is verkies tot die Oos-Transvaal o/13 Rugbyspan.

Ruben van Rooyen in Graad 5 het die afgelope naweek aan die Vystaat Ope vir Stoei deelgeneem. Hy het 2de plek (Silwer) behaal in Vrystel en ook 'n 1ste plek (Goud) vir Presidente Skole.





RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD



RYNIES PRESTEER:

Baie geluk aan al die Rynies van Old Benonians Krieketklub met die 2024/25 prysuitdeling die afgelope naweek!

Julle het hard gewerk en dit was lekker om te sien hoe elkeen gegroei het deur die seisoen.

'n Groot geluk aan **Liam du Toit (Gr. 4)**

as Klub Speler van die Seisoen en

"Master Blaster (meeste 6'e vir seisoen),

Juandré Visser (Gr. 4) as Klub Kolwer

van die Seisoen, en **Levi Barnard (Gr. 3)** as

Klub Bouler van die Seisoen – knap gedaan ouens!



Ander individuele toekennings:

- **Levi Barnard: O/8 Speler van die seisoen**
- **Kiano Muller: O/8 Bouler van die seisoen**
- **Kruger van der Westhuizen: O/8 Mees ontwikkelde speler**
- **Liam du Toit: O/10 Speler van die seisoen**
- **Juandre Visser: O/10 Kolwer van die seisoen**
- **Liam Havenga: O/10 Bouler van die seisoen**
- **Wihann Botha: O/10 Mees ontwikkelde speler**
- **Jason Botha: O/12 Kolwer van die seisoen**
- **Tristan James: O/12 Bouler van die seisoen**



Ons sien uit na 'n lekker skool krieket seisoen saam met julle.



KLEUTERSKOOLO

LAERSKOOLO RYNFIELD



"Vrydag is my dag, want dis...."

Lekkerbek- Vrydag!

Paie dankie aan al ons maats vir die bederf!


Dit was smullekker!



Lekkerbek- Vrydag!

Paie dankie aan al ons maats vir die bederf!

Dit was smullekker!





NETBAL

LAERSKOOLO RYNFIELD



NETBAL UITSLAE
14 MEI 2025 vs. Laerskool van Riebeeck Park

Time	Team	Score	Team	Score
0/10 A	L/S RYNFIELD	13	L/S VAN RIEBEECK PARK	15
0/10 B	L/S RYNFIELD	5	L/S VAN RIEBEECK PARK	14
0/11 A	L/S RYNFIELD	21	L/S VAN RIEBEECK PARK	7
0/11 B	L/S RYNFIELD	4	L/S VAN RIEBEECK PARK	19
0/12 A	L/S RYNFIELD	19	L/S VAN RIEBEECK PARK	18
0/12 B	L/S RYNFIELD	10	L/S VAN RIEBEECK PARK	12
Eerstespan	L/S RYNFIELD	19	L/S VAN RIEBEECK PARK	16
Tweedespan	L/S RYNFIELD	24	L/S VAN RIEBEECK PARK	5

Laerskool Rynfield
NETBAL NETBAL NET
Superliga datums

- Woensdag - 16 April 2025**
Tuis teen Delville
- Woensdag - 7 Mei 2025**
Weg teen Randhart
- Woensdag - 14 Mei 2025**
Weg teen van Riebeeck Park
- Vrydag - 16 Mei 2025**
Weg teen Orion
- Dinsdag - 20 Mei 2025**
Tuis teen Impala
- Donderdag - 22 Mei 2025**
Weg teen Concordia
- Dinsdag - 27 Mei 2025**
Tuis teen Kruinsig
- Saterdag - 7 Junie 2025**
Ekurhuleni uitspele

Het jy 'n markontleding nodig om jou eiendom se waarde te **BEPAAAL?**

010 442 9875
083 785 3447

RE/MAX DAZZLE
BOKSBURG | BENONI | KEMPTON PARK

SCAN QR CODE

MARKWAARDE

WWW.REMAXDAZZLE.CO.ZA

Trotse borg van ons netbal!



RUGBY

LAERSKOOLO RYNFIELD



RUGBY UITSLAE vs. **Laerskool Jan van Riebeeck**

Span	Laerskool Rynfield	Laerskool Jan van Riebeeck
O/9 A	10	31
O/10 A	7	10
O/10 B	15	34
O/11 A	27	5
Tweede Span	24	7
Derde Span	17	14
Eerste Span	8	8

RUGBY UITSLAE vs. **Laerskool Van Riebeeckpark**

Span	Laerskool Rynfield	Laerskool Van Riebeeckpark
O/9 A	28	17
O/9 B	12	5
O/10 A	35	7
O/10 B	12	10
O/11 A	8	5
O/11 B	50	5
Tweede Span	7	0
Derde Span	17	10
Eerste Span	35	0



Laerskool Rynfield

RUGBY RUGBY RUGBY

VALKE

STEEAN Merwe
KYLE Brooks
JORDAN Strauss
HERCULES Janse van Rensburg

BAIE GELUK AAN DIE SEUNS WAT VERKIES IS TOT DIE VALKE RUGBYSpan!



RYNIENUUS

LAERSKOOI RYNFIELD



CHEERLEADING:

Baie geluk aan ons Rynie-Cheerleaders met hul puik prestasies wat julle die afgelope Saterdag behaal het!



1STE PLEK: "JNR Level 2 - All girl Cheerleading"



2DE PLEK: "JNR All girl performance Cheer"



3DE PLEK: "JNR Level 3 All girl Group stunts"





RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



KULTUUR:

Public Speaking: Gr. 6 & 7 Interne Optredes was 'n optrede waar ons Rynie Speakers my besonder trots laat voel het. Hier is karakter gewys deur 'n klomp sprekers en die beoordelaar, Mnr. Renus Muller, was ongelooflik beïndruk met die gehalte van ons sprekers!

Wenners is as volg :

Gr. 6:

3de Jenae Kleynhans;

2de Hein Hoffmann;

1ste Callum Craig

Gr. 7:

3de Christian Parker;

2de Lumay Engelbrecht;

1ste Lisa Kruger

Spesiale vermelding:

Kiara Bronkhorst in graad 5 verwerf 2de plek vir haar kortverhaal wat sy geskryf het onder die tema Afrikaans word 100. Ons is baie trots op jou, Kiara!!

INTERSKOLE GAUTENG: Die program vir 31 Mei is uit. Elke Rynie sal hul program teen 19 Mei ontvang. HOU AAN OEFEN!!

OPEDAG 10 MEI: Baie dankie aan die sanggroepe wat opgetree het en Kultuur op 'n baie besonderse manier verteenwoordig het. Die karakters wat al die praatwerk gedoen het, het hul PUIK van hul taak gekwy!! Dankie dat jul my só trots gemaak het!!

Kultuurgroete, Juf. Barbara





NASKOOL

LAERSKOOl RYNFIELD



Opedag: Die opedag het Saterdag, 10 Mei plaasgevind en was 'n reuse sukses. Die naskool het pragtig gelyk en die besoekers is omtrent bederf. 'n Spesiale dank aan al die naskoolpersoneel wat ingespring en gehelp het om van hierdie dag 'n sukses te maak.

Eksamen (Gr. 4 - 7): Leerders het afbakenings ontvang en moet asseblief begin leer. Huiswerksessies word ook as studiesessies aangewend. Leerders moet dus seker maak hul leerwerk is ingepak.

Kleredrag: Maak asseblief seker leerders het warm klere ingepak.

Ete: Leerders wat eers na 15:00 kom eet as gevolg van sport of ander verpligtinge moet asseblief onthou om met tannie Annie te reël.



NASKOOL SPYSKAART:

Maandag 19/5: Macaroni & Kaas

Dinsdag 20/5: "Russians"
kapokaartappels & skorsies

Woensdag 21/5: Tuna-rolletjies

Donderdag 22/5: Vetkoeke

Vrydag 23/5: "Slap-chips"

- Elke dag vrugte en sap

SNOEPIE SPYSKAART:

Maandag 19/5: Spek&Kaas Wrap

Dinsdag 20/5: "Russian + Chips"

Woensdag 21/5: Hoenderburgers

Donderdag 22/5: "Nacho's"

Vrydag 23/5: "Footlongs"



TEN SLOTTE

LAERSKOOl RYNFIELD



As VREES
AAN jou
DEUR
kom KLOP
stuur
GELOOF
om te GAAN
antwoord

W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

— Discover —
**The Sweetness
of Nature**

Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street,
Benoni for the finest Farm Fresh Honey.

Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm

100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour

www.highveldhoney.co.za 011 849 1990 @highveldhoneyfarms



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD



Fancy Fitwork
Northmead Benoni

DANCEFIT
STEP AEROBICS
STRETCH & TONE
BALLROOM & LATIN
WEDDING DANCES

0846772254



ADVERTENSIES



LAERSKOOl RYNFIELD



MYSCHOOL:

As jy nog nie aangesluit het by My-School nie is dit nou die tyd.
Om in te teken is so maklik:

**Besoek www.myschool.co.za en vul alles aanlyn in. Maak seker
om Laerskool Rynfield as begunstigde te kies.**

of

**Skandeer die 'QR' kode en volg die stappe. Kies Laerskool
Rynfield as begunsdigde.**

Daar word nie meer kaarte uitgereik, alles is digitaal en jou Woolworths-kaart word daaraan gekoppel. Daar is geen koste aan verbonde nie maar die skool ontvang 'n klein persentasie van jou aankope by Woolworths. Dit word maandeliks aan ons oorbetaal en dit help om ons begroting te laat klop.



ADVERTENSIES



LAERSKOOOL RYNFIELD

ACE IT TUTORING

Werk hard vandag vir n beter more

Ekstra klasse wat ons aanbied:

- Afrikaans en Engels (GR R-12)
- Wiskunde (GR R-12)
- Ander vakke (GR 4-12)

Lesse Kan in Afrikaans en Engels gegee word

**Maandae - Vrydae
(14:00-18:00)**

Waar om ons te vind:

71 Glen gory rd, Norton Home estates, Benoni north

Kontak ons:

Lucy:066 258 9167
robbertze68@gmail.com